Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

# Nagraadse Assesseringsreëls

## FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

Voorheen bygewerk:
3 Desember 2022

# INHOUD

1 Inleiding........................................................................................ 1

2 Punte en assesseringsterminologie......................................................... 1

2.1 Algemene assesseringsterminologie................................................. 1

2.2 Puntetipes wat op SUNstudent aangeteken word............................. 2

3 Toelaatbare assesseringsreëls.................................................................. 2

4 Berekening van finale punte ................................................................... 2

4.1 Algemene bepalings ........................................................................... 2

4.2 Slaagvereistes...................................................................................... 2

5 Gebruik van en toegang tot assesseirngs................................................. 3

6 Inligting op SUNLearn (of 'n ander relevante platform/leerbestuurstelsel) en/of in moduleraamwerke ............................................................................ 3

7 Ander fakulteitspesifieke reëls.................................................................. 4

7.1 Aanteken en bekendmaking van punte.............................................. 4

7.2 Veilige bewaring van nagesiene antwoordskrifte .............................. 4

7.3 Voorsittereksamens ........................................................................... 4

7.4 Moderering ......................................................................................... 4

7.5 Kopiereg op vraestelle......................................................................... 5

# 1 INLEIDING

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) onderskryf die Universiteit Stellenbosch se Assesseringsbeleid en die hoofstuk oor Assesserings en Promosies in die Algemene inligting en reëls (Deel 1) van die Jaarboek. Die universiteitswye assesseringsreëls wat in Deel 1 van die Jaarboek verstrek word, is vanaf 2023 op assesserings in alle voorgraadse en nagraadse modules van toepassing en hierdie reëls vervang die vorige eksamen- en buigsame assesseringstelsels. **Let daarop dat hierdie dokument nie al die reëls en beginsels in die Jaarboek en Assesseringsbeleid herhaal nie. Hierdie dokument moet dus saam met die volgende gelees word: die hoofstuk oor Assesserings en Promosies in die Algemene inligting en reëls (Deel 1) van die Institusionele Jaarboek – in hierdie dokument word daarna verwys as US-assesseringsreëls – sowel as die US-assesseringsbeleid.**

Hierdie dokument verstrek die assesseringsreëls wat van toepassing is op nagraadse modules met ˈn tuisdepartement in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, asook nagraadse programme wat deur dié Fakulteit aangebied word (met die uitsondering van PhD- en meestersgraadprogramme wat uit ‘n 100%-tesis bestaan).

Die assesserings in nagraadse programme val grootliks binne die outonomie van die departemente/skole en die EBW Nagraadse Assesseringsreëls weerspieël dit. Verder word die assessering van meestersgraadtesisse en doktorale proefskrifte nie hier bespreek nie, maar in die hoofstuk met die titel "Nagraadse kwalifikasies" in die Algemene inligting en reëls (Deel 1) van die Jaarboek en in Deel 10 (fakulteitsjaarboek).

# 2 PUNTE EN ASSESSERINGSTERMINOLOGIE

Verwys asb. na die US-assesseringsreëls vir definisies van die tipe vakke en modules (bv. semester- en jaarmodule) en die assesseringstydperke.

## 2.1 Algemene assesseringsterminologie

### 2.1.1 Finale punt (FP)

Die finale punt (FP) gee die algehele, uiteindelike prestasie van ˈn student in ˈn module weer.

ˈn **Geldige** finale punt verwys na ˈn finale punt waar die student se prestasie in die module aan die voorgeskrewe aantal voltooide assesserings voldoen, asook enige subminimum vereistes wat in die moduleraamwerk gestel word.

Subminimum verwys na ˈn minimum vlak van voltooiing en/of bevoegdheid wat in ˈn module bepaal kan word. Geen subminimum kan teenstrydig wees met

die reëls in hierdie dokument. Alle subminima moet duidelik in die moduleraamwerk van die module uiteengesit word.

### 2.2 Puntetipes wat op SUNstudent aangeteken word

Ooreenkomstig die US-assesseringsreëls word slegs ˈn finale punt op SUNStudent aangeteken in die geval van nagraadse modules.

## 3 TOELAATBARE ASSESSERINGSREËLS

Personeel wat aan die spits van ˈn module-aanbod staan, kan ˈn assesseringsreëling kies wat:

3.1.1 die beste by die module uitkomste en pedagogiese benadering pas.

3.1.2 aan al die vereistes van die EBW Nagraadse Assesseringsreëls voldoen.

3.1.3 aan al die vereistes van die US-assesseringsbeleid en die US-assesseringsreëls voldoen, insluitend:

3.1.3.1 Die assesseringsreëlings moet voorsiening maak vir prosesse waarvolgens ˈn student se werk in ˈn module stelselmatig geassesseer en geweeg word by wyse van opeenvolgende geleenthede gedurende die semester of jaar, moontlik deur die gebruik van ‘n verskeidenheid gepaste assesseringsmetodes, bv. take, toetse, portefeuljes, mondelinge, seminare, tutoriale, projekverslae, ens.

3.1.3.2 Die assesseringsmaatreëls moet doeltreffende assessering fasiliteer, soos beskryf in die Universiteit se Assesseringsbeleid. Dit sluit die nege kriteria vir doeltreffende assessering in, naamlik: geldigheid, geloofwaardigheid, betroubaarheid, opvoedkundige impak, akademiese integriteit, deursigtigheid, regverdigheid, uitvoerbaarheid en tydige terugvoer.

3.1.3.3 Die assesseringsreëlings moet voorsiening maak vir tydige en toepaslike terugvoer aan studente ná assesserings. Dis belangrik dat hierdie assesserings en terugvoer studente die geleentheid bied om hul eie leer te bevorder en dat dit terugvoer insluit wat aandui tot watter mate studente die module-uitkomste bemeester het.

## 4 BEREKENING VAN FINALE PUNTE

### 4.1 Algemene bepalings

Modules moet die formule vir die berekening van die finale punt gebruik wat in die moduleraamwerk gespesifiseer word.

### 4.2 Slaagvereistes

Om te slaag, word ˈn geldige prestasiepunt van minstens 50 vir alle modules vereis.

# 5 GEBRUIK VAN EN TOEGANG TOT ASSESSEIRNGS

5.1.1 Studente moet daarop let dat die US-assesseringsreëls die volgende insluit: die besluit om van ˈn assesseringsgeleentheid gebruik te maak, is onomkeerbaar wanneer die student die assesseringslokaal betree het, of aanlyn met die assessering begin het. Vir so ˈn assessering sal ˈn punt bepaal word wat gebruik kan word om die student se finale punt te bereken ooreenkomstig die toepaslike assesseringsreëls van die module se tuisfakulteit of -sentrum. Selfs as ˈn student siek word gedurende ˈn assessering, moet die assessering ingehandig en nagesien word en die punt wat behaal is, sal gebruik word om die finale punt te bereken.

Dit word aanbeveel dat, indien studente siek is net voor ˈn assessering, hulle dit ernstig oorweeg om nie daardie spesifieke assessering te skryf nie.

5.1.2 Indien daar departementspesifieke reëlings is rakende assesseringsgeleenthede wat misgeloop word deur studente, moet dit in die moduleraamwerk gespesifiseer word.

# 6 INLIGTING OP SUNLEARN (OF ‘N ANDER RELEVANTE PLATFORM/LEERBESTUURSTELSEL) EN/OF IN MODULERAAMWERKE

Soos vereis deur die US-assesseringsreëls:

6.1.1 Die Fakulteit se assesseringsreëls sal geredelik op die Fakulteit se webtuiste en op SUNLearn beskikbaar wees vir studente en personeel wat deur die reëls beïnvloed word.

6.1.2 Die manier waarop die toepaslike assesseringsreëls in elke module toegepas word, sal by wyse van die moduleraamwerk aan die studente bekend gemaak word aan die begin van die relevante semester of jaar. Hierdie inligting sluit in:

6.1.2.1 Subminimum wat in die module toegepas word (insluitend watter assesserings verpligtend is), indien van toepassing.

6.1.2.2 Hoe die finale punt bepaal sal word.

6.1.2.3 Assesseringsdatums. Indien dit nog nie teen die begin van die module bepaal is nie, moet departemente studente minstens ses weke vooraf van hierdie datums in kennis stel.

6.1.2.4 Alternatiewe reëlings vir aanvullende assesserings, indien van toepassing.

6.1.2.5 Die gewigte wat aan die onderskeie komponente toegeskryf sal word in die finale punt.

# 7 ANDER FAKULTEITSPESIFIEKE REËLS

## 7.1 Aanteken en bekendmaking van punte

7.1.1 Die US-assesseringsreëls bepaal dat SUNStudent toegang aan studente sal verleen tot hul eie prestasiepunte. Vir nagraadse modules is dit ook die vernaamste wyse waarop punte bekend gemaak word. Departemente kan egter ook ander maniere gebruik om punte bekend te maak indien die gebruik van SUNStudent onvanpas is (bv. indien die finale punt bereken word nadat SUNStudent reeds gesluit het vir die aanteken van punte; indien eksterne/professionele liggame die finale punte vereis voordat dit op SUNStudent beskikbaar is). Departemente moet in alle gevalle seker maak dat hulle aan US se institusionele vereistes voldoen rakende die bekendmaking van finale punte (soos bepaal deur die Registrateurskantoor), en die vereistes van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting.

7.1.2 Die US-assesseringsreëls bepaal dat departemente wat modules aanbied, verantwoordelik is om die finale punte op SUNStudent aan te teken van al die studente wat vir daardie modules geregistreer is.

## 7.2 Veilige bewaring van nagesiene antwoordskrifte

7.2.1 Departemente moet die nagesiene antwoordskrifte vir ˈn tydperk van minstens een semester nadat die assessering plaasgevind het, bewaar. Let wel dat die vereistes vir professionele akkreditasie dit kan vereis dat nagesiene antwoordskrifte vir ˈn langer tydperk bewaar word. Ander assesserings se nagesiene antwoordskrifte word normaalweg aan studente teruggegee.

## 7.3 Voorsittereksamens

7.3.1 Departementele voorsitters/direkteure van skole kan 'n Voorsittereksamen goedkeur. Geen dosent of enige ander personeel mag vir 'n student 'n onderneming in hierdie verband gee nie.

7.3.2 Die Voorsittereksamen se besonderhede en die kriteria om vir so 'n geleentheid te kwalifiseer moet in die nagraadse departementele inligtingstuk uiteengesit word.

## 7.4 Moderering

7.4.1 Die fakulteit belyn alle moderering praktyke met die US-assesseringsreëls en die Reglement vir Interne en Eksterne Moderering en die Afhandeling van Uitslae.

7.4.2 Alle relevante interne en eksterne moderering moet afgehandel word voordat 'n student kan gradueer.

## 7.5 Kopiereg op vraestelle

Die Universiteit Stellenbosch besit die kopiereg op die inhoud van US-toetste, -eksamens en -kursusse wat deur US-personeel en -studente geskep is. Enige gebruik en verspreiding van inhoud wat US se eiendom is sonder die nodige magtiging, is ˈn oortreding van US se intellektuele eiendomsreg. ˈn Verdere oortreding is wanneer hierdie inhoud beskikbaar gestel word aan en/of gebruik en versprei word deur derde partye vir kommersiële gewin sonder die vereiste institusionele magtiging.

Alle vraestelle vir hoof- summatiewe assesserings moet die volgende stelling (met die huidige jaartal daarop) in die voetnoot van die voorblad insluit:

*Kopiereg © 2023 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.*

*Assesseringsmateriaal is onderworpe aan sekere lisensiëringsvoorwaardes. Studente kan die materiaal slegs gebruik vir hul eie privaatstudie aan die Universiteit en nie vir enige ander doeleindes nie. Gedrukte en/of elektroniese materiaal word ook net beskikbaar gestel vir assesseringsdoeleindes, klasbespreking, privaatstudie en navorsingsdoeleindes. Verdere reproduksie of verspreiding van sodanige materiaal is streng verbode.*